DEEL 117 | WEEK 8 | 21 FEBRUARIE 2025 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



*Milde reëns met ope arms ontvang*

*Foto erkenning: Danelle Oosthuizen*

# ESKOM WIL KRAG AFSNY

Eskom het onlangs aangedui dat hulle oorweeg om die kragtoevoer aan vier munisipaliteite in die Vrystaat af te sny of te verminder weens aanhoudende wanbetaling. Die kwessie raak Ngwathe, Masilonyana, Moqhaka en Nala munisipaliteite – almal inskrywings in Eskom se skuldverligtingsprogram – wat, ondanks hul deelname, versuim het om hul huidige rekeninge betyds te vereffen.

Die Vrystaatse LUR vir Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (Cogta), mnr. T.Z. Mokoena, het Eskom se voorneme onder die aandag gebring en geëis dat daar onmiddellik opgetree word om die krisis te voorkom. VF Plus stel verder dat die munisipaliteite se astronomiese skuld nie net Eskom se finansiële stabiliteit bedreig nie, maar ook duisende inwoners en plaaslike besighede in die gesig staar. Dit kom te midde van bewerings dat die ANC-regering in die Vrystaat verantwoordelik is vir die staat se miljarde skuld, terwyl belastingbetalers gyselaars bly.

In 'n kennisgewing wat op 13 Februarie 2025 in The Citizen verskyn het (sien tabel regs), het Eskom spesifiek gewaarsku dat Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, wat sedert 2009 sukkel met onreëlmatige betalings, tans meer as R2.3 miljard skuld. Ondanks herhaalde pogings, insluitend deelname aan die nasionale skuldverligtingsprogram wat in Maart 2023 in werking getree het, het Ngwathe versuim om aan die voorwaardes te voldoen. Eskom het in Februarie 2024 reeds 'n oortredingskennisgewing aan die munisipaliteit gestuur.

Onder die Elektrisiteitsreguleringswet van 2006 beskik Eskom oor die reg om kragonderbrekings te implementeer teen munisipaliteite wat hul betalings nie nakom nie. Die wet vereis egter dat voor en tydige kennisgewing aan die betrokke munisipaliteit en inwoners gegee word, alternatiewe oplossings ondersoek word en dat 'n platform geskep word vir openbare insette voordat 'n finale besluit geneem word.

In lyn met hierdie vereistes het Eskom 'n beroep gedoen op besighede, inwoners en regeringsamptenare om skriftelike voorleggings in te dien oor waarom die munisipaliteit se krag nie afgeskakel moet word nie. Voorleggings kan ingedien word tot FSNgwathe@eskom.co.za of persoonlik by Eskom se kantore in Bloemfontein.

• Spertyd vir voorleggings: 13 Maart 2025

• Verwagte aankondiging finale besluit: 2–3 April 2025

Indien Eskom sy planne toereken, kan die moontlike kragonderbrekings ernstige ontwrigtings veroorsaak vir inwoners en besighede. Die munisipaliteite ontvang tans betalings van verbruikers, maar versuim om hierdie fondse aan Eskom oor te betaal – 'n situasie wat nie net Eskom se finansiële gesondheid in gevaar stel nie, maar ook die plaaslike ekonomie.

Verder oorweeg Eskom om in geval van voortdurende wanbetaling die beheer oor die elektrisiteitsvoorsiening in Ngwathe oor te neem. Hierdie model, wat reeds in Maluti-a-Phofung en Phumelela toegepas word, behels volledige beheer oor fakturering, invordering en infrastruktuuronderhoud. Vir suksesvolle implementering sal egter sterk gemeenskapsdruk en politieke ondersteuning noodsaaklik wees. Alhoewel Eskom wettiglik toegelaat word om op wanbetaling te reageer, beklemtoon beide Eskom en VF Plus dat 'n gebalanseerde benadering noodsaaklik is – een wat finansiële volhoubaarheid handhaaf en terselfdertyd die regte van inwoners tot noodsaaklike dienste beskerm.

Terwyl die Vrystaatse munisipaliteite in die skerp oog van die finansiële storm verkeer, sal die komende weke beslissend wees vir hul vermoë om hul betalingsregime te herstel. VF Plus belowe om voort te gaan met druk op verantwoordelike bestuur en doeltreffende finansiële bestuur om die huidige wanorde reg te stel, in 'n poging om te verhoed dat inwoners en besighede uiteindelik die prys van kragonderbrekings moet betaal.

Met die spanning tussen staatse skuld, munisipale wanbestuur en Eskom se noodsaak om sy finansiële stabiliteit te beskerm, hang die lot van elektrisiteitsvoorsiening in die Vrystaat nou in die weegskaal – en die klok tik vir 'n tydige oplossing.

| # | Month | Invoice amount / Current Account | Payment received | Balance B/F |
|---|---|---|---|---|
| | April '23 – Nov '23 | | | R228 047 749.86 |
| 1 | December '23 | R22 287 230.17 | R1 000 000.00 | R249 334 980.03 |
| 2 | January '24 | R27 396 580.11 | R1 000 000.00 | R275 731 560.14 |
| 3 | February '24 | R26 733 050.61 | R6 000 000.00 | R296 464 610.75 |
| 4 | March '24 | R25 673 569.62 | R1 000 000.00 | R321 138 180.37 |
| 5 | April '24 | R29 396 581.52 | R1 000 000.00 | R349 534 761.89 |
| 6 | May '24 | R29 834 958.64 | R1 000 000.00 | R378 369 720.53 |
| 7 | June '24 | R46 700 867.70 | R8 000 000.00 | R417 070 588.23 |
| 8 | July '24 | R57 584 500.90 | R1 000 000.00 | R473 655 089.13 |
| 9 | August '24 | R59 667 527.39 | R11 000 000.00 | R522 322 616.52 |
| 10 | September '24 | R41 750 071.40 | R5 000 000.00 | R559 072 687.92 |
| 11 | October '24 | R34 088 404.02 | R1 000 000.00 | R592 161 091.94 |
| 12 | November '24 | R33 732 384.06 | R11 000 000.00 | R614 893 476.00 |
| 13 | December '24 | R35 901 986.70 | R1 000 000.00 | R649 795 462.70 |









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

## Week 3:

In die vorige twee insetsels is daar gekyk na wat die betekenis van liefde is en ook na die verskillende liefdestale. Die vraag wat die week na gekyk word, is hoe bepaal jy jou liefdestaal sowel as die van jou geliefde.

As jy toegang tot die internet het, dan is daar baie webtuistes wat die proses vir jou gaan vermaklik, maar as jy deeglik wil evalueer is daar verskeie fokus areas. (Besoek gerus: https://www.verywellmind.com/love-language-quiz-7562463#toc-the-love-language-test )

**Stap 1:** Let op na jou eie gedrag.

Hoe ontdek mens jou primêre liefdestaal? Die begin is om op te let hoe jy optree en hoe jy waardering teenoor ander betoon. As jy jouself gereeld betrap dat jy ander mense bemoedig deur opbouende woorde te gebruik, is dit dalk jou primêre liefdestaal. Jy doen aan ander wat jy wil hê hulle moet aan jou doen. As jy dalk 'n rugklopper, handdrukker of armraker is, is fiesieke aanraking dalk jou liefdestaal. As jy gedurig vir mense geskenke gee – met of sonder 'n spesiale geleentheid – is geskenke dalk jou liefdestaal. As jy iemand is wat dit geniet om ete-afsprake te reël of vriende oor te nooi, is daar 'n goeie kans dat kwaliteit-tyd jou liefdestaal is. As jy iemand is wat nie wag totdat iemand anders vra nie, maar raaksien wat gedoen moet word en inspring en dit doen, is diensbaarheid moontlik jou liefdestaal.

**Stap 2.** Wat vra jy van ander?

'n Tweede benadering is om op te let wat jy van ander vra. As jy gereeld vir hulp vra, kan diensbaarheid jou taal wees. As jy jouself betrap dat jy vir jou geliefde vra om iets saam te bring as hulle iewers heen gaan, kan geskenke dalk jou liefdestaal wees. As jy gereeld vir jou geliefde vir fisiese aanraking vra soos 'n drukkie of om jou hand vas te hou, kan aanraking miskien jou taal wees. As jy vir jou geliefde gereeld vra om tyd alleen saam jou te spandeer deur om iewers te gaan eet, moet jy dalk kwaliteit-tyd oorweeg. As jy jouself hoor vra hoe jy lyk vir 'n ander persoon, kan dit wees dat jy opbouende terugvoering verlang en dat opbouende woorde 'n moontlikheid kan wees. Ons versoeke is geneig om aan te dui wat ons emosionele behoeftes is. Om op te let wat jy vir ander vra, is 'n manier om jou liefdestaal te ontdek.

**Stap 3:** Luister na jou klagtes.

'n Derde benadering is om te gaan kyk na die dinge waaroor jy ongelukkig is. Dit kan klagtes wees wat jy teenoor ander uitspreek of 'n ongelukkigheid wat in jou kop bestaan. Dit kan wees dat jy voel ander waardeer nie wat jy doen nie en niemand help jou nie, wat kan aandui op diensbaarheid. Jy kan ook ongelukkig wees oor jou geliefde wat minder tyd aan jou spandeer, wat aandui op kwaliteit-tyd. As jy kla dat jou geliefde lank laas vir jou 'n geskenk gegee het of iets onverwags vir jou gegee het, sal geskenke waarskynlik jou liefdestaal wees. As jy kla dat jy twee maande laas 'n drukkie gekry het, kan jy fisieke aanraking oorweeg.

Ons klagtes bring ons diep emosionele pyn aan die lig. Die teenoorgestelde van jou liefdestaal is waarskynlik jou liefdestaal.

Nou kom die ander vraag op. Sê nou ek kan nie tussen twee van die




verskillende liefdestale kies nie, kan dit beteken dat jy tweetalig is. Indien wel, maak dit vir ander baie makliker om jou behoeftes te bevredig. Hulle het nou twee opsies om te vul en hul liefde aan jou te kommunikeer.

Noudat jy jou liefdestaal ontdek het, is die volgende aspek waarop jy moet let is jou geliefde se liefdestaal. Hou volgende week se Heilbron Herald dop om te kyk of jy jou geliefde se liefdestaal kan ontdek.

*(Verwerk uit: Vyf tale van die liefde deur Gary Chapman)*

# UIT DIE PEN:

## Week 8



Sy het op 12 Desember 88 jaar oud geword. Sy het 'n vlekkelose vel. Vandat ek weet, het sy haar gesig met pers Vinolia seep gewas. Sy het net 'n dagroom aangesit en sy was baie skrikkerig vir die son. Geen swembroek en sonskyn vir haar nie. Wanneer sy in die tuin gewerk het, het sy 'n groot hoed opgesit en haar arms bedek.

Die vel op haar dun arms is spierwit en glad. Geen plooie nie.

Twee dae voor Kersfees val sy. Die derde seer val vir 2024. Die ouetehuis reël 'n ambulans want ek sou haar nie in my kar kon kry nie. Ons kry haar by die hospitaal. Die vriendelike dokters by ongevalle neem plate en ondersoek haar. Sy moet 'n pen in haar heup kry. Onder narkose.

Die dokter bel: daar is ongelukkig vrae wat sy moet antwoord voordat sy teater toe gaan, maar sy wil nie antwoord nie. Hy vra my.

"Is sy op enige voorbehoeding?" Ek lag. Die dokter lag.

"Nie waarvan ek weet nie."

Volgende vraag: "Vermoed u dat die pasiënt swanger mag wees?" Ek lag weer. "Verwys na die vorige vraag."

Ek weet hoekom sy nie die vrae wil antwoord nie. Want almal praat Engels. In die hart van Pretoria praat hulle Engels. Nou hoe nou, dink ek.

Ons wag totdat sy uit die teater kom. Reguit intensiewe sorgeenheid toe. Sy veg vir 'n vale teen al die pypies en monitors. Hulle moet haar hande vasbind, want sy wil uitklim.

So vier dae later moes sy ontslaan word, maar haar infeksietelling is hemelhoog. Sy word daarvoor behandel.

Sy vra my of ek en my gryse pa lekker braaivleis gemaak het en hoe dit met my oupa en ouma gaan. Al drie is reeds jare in die hemel. Toe sy beter voel, neem die ambulans haar weer terug na die ouetehuis. Daar is sy steeds met tye deurmekaar, maar herken almal.

Hier praat sy omtrent net Engels vir die eerste twee dae. Sy sê glad vir my "thank you" en "goodbye."

Twee weke daarna is sy terug in die intensiewe sorgeenheid: haar maag bloei van die bloedverdunners wat sy met die operasie gekry het. Sy moet vier eenhede bloed kry. Sy moet 'n gastroskopie ondergaan. Sy lyk soos 'n laken, met 'n gelerige skynsel om haar mond. Sy praat weer Engels.

Uiteindelik voel sy beter en sy is weer terug ouetehuis toe. Met 'n yslike groot drukseer op haar hak en een op haar groottoon.

Hier kyk hulle mooi na haar. Die versorgers help haar was, aan- en uittrek. Hulle laat haar met die loopraam loop. 'n Baie gawe wondsorgsuster kom twee keer per week na haar hak kyk. Sy gaan met die rolstoel eetsaal toe. Daar is elke uur 'n persoon wat kom kyk of sy nog reg is. Sy is glad nie meer deurmekaar nie en gesels land en sand.

Jackie en haar wonderlike span laat haar twee keer per week aktiwiteite doen. Hulle spoeg en plak en knip. Wanneer die weer dit toelaat, stap Jackie en haar span met almal wat moeilik loop of in 'n rolstoel is, rondom die ouetehuis. Hulle kry elkeen 'n heerlike yslollie wanneer hulle klaar is.

Met elke aktiwiteit wat sy bywoon, stuur Jackie vir ons 'n video. Saterdag sê ek vir haar of sy weet presies waardèèr sy is? Op 88 het sy twee narkoses oorleef. Sy het 'n splinternuwe pen in haar been. Sy kan loop met haar loopraam. Sy het 'n seer wat ongeveer 4 cm x 4 cm was. Dit het nou gekrimp tot 'n klein letsel van 2,1 cm, toe ek laas gekyk het.

Sy kry 'n vonkel in haar oog. Soos ek lanklaas by haar gesien het. Sy is amper weer 'n platjie, en lag gereeld. Sy is dankbaar vir twee goudgeel piesangs en 'n sakkie droë vrugtelekkers. Ek help haar om 'n nuwe rek in haar broek te sit. Dankie, dankie, dankie, sê sy. En stuur groete en liefde by die huis.

Op pad terug stap ek verby iemand anders se klein woonstelletjie. Ek sien die oom se naam op sy deur. Iewers lui daar 'n klokkie (in my kop, nie regtig nie). Ek is seker iemand het my vertel van hierdie oom. Hy het onlangs daar ingetrek na 'n leeftyd in 'n ander dorp.

Ek stop, klop. Die oom maak galant die deur oop. Ja, hy is so-en-so. En ja, hy is nuut in die ouetehuis. Hoe oud is oom, vra ek? Hy gryp soos 'n wafferse tiener sy kop vas. "Ek word hierdie jaar 95, as ek die lewe hou."

Jinne, oom. Ek wens ek kon sò lyk op 95, dink ek.

Ek gesels nog bietjie met die oom voordat ek huis toe gaan.

Ek wens vandag ons het meer Jackies gehad. Mense met 'n hart daarvoor om ouer mense te versorg (sien, ek praat nie van "oumense" nie).

Ek wens vandag dat almal so lewenslustig soos daardie oom op 95 sal wees.

Jy is reg, die 88-jarige is my ma. Ek wens dat ek eendag, soos sy, op 88 allerhande dinge sou oorleef. Die ander sondes het my sekerlik al ingehaal, ek weet nie of ek met haar vlekkelose en gladde vel sal kan spog nie.

Ek wens vir almal wat hier lees, gesondheid en dankbaarheid en 'n vonkel in hul oog. Dat hulle, soos ons, dankbaar sal wees vir elke klein stukkie brood.

Dit klink amper soos Koos Dup se lied:

*"Eenvoud*
*is die vreugde van die lewe.*
*Dis gee en neem net wat daar is.*
*Dis dankbaar eet*
*van elke skewe snytjie brood".*

# DA calls for urgent intervention for the water crisis in Heilbron

*• Robert Ferendale- DA Councillor Ngwathe Municipality*

The Democratic Alliance (DA) in Ngwathe Local Municipality has written to the Municipal Manager, demanding immediate intervention to resolve the ongoing water shortages in Heilbron. Access to water is a basic human right, and the failure to ensure a consistent supply is an unacceptable violation of residents' rights.

The constant water shortages in Heilbron, particularly in the town area, have once again become a daily struggle. This comes after the town endured severe shortages for over two years due to the municipality's non-payment of the Rand Water account.

Although an agreement was reached last year, restoring normal water supply after the DA took to the streets in protest, the situation has now deteriorated once more.

DA Councillor Robert Ferendale continues to receive countless complaints from frustrated residents, some of whom have been without water for weeks. The municipality must urgently address this crisis.

Reports indicate that the water department frequently cuts supply to the area without warning and, at times, fail to restore it—placing an unnecessary burden on the community.

Additionally, poor monitoring of pipe bursts and faulty meters is further worsening the situation.

We demand that the municipality take swift action to improve maintenance and ensure consistent water supply.

Where the DA governs, we prioritise service delivery and guarantee residents have access to water. The people of Heilbron deserve better, and we will not rest until this crisis is resolved.



# Verligting vir boere met welkome reëns





Die reën wat hierdie week oor die streek uitgesak het, het verligting gebring vir baie boere na 'n paar weke van droogte. Die spruite en die Kliprivier tussen Heilbron en Frankfort het teen Dinsdag sterk gevloei, met 'n totale reënval van 140mm van Maandag tot Woensdag.

Inwoners in die Denysville-omgewing het Maandag 70mm reën ontvang, en nog 70mm op Dinsdag. David Potgieter, ook van die Heilbron-Dennysville-distrik, het oor die twee dae 'n indrukwekkende 115mm reën gemeet, terwyl Jannie Bornman 130mm se reënval aangeteken het. Koos Engelbrecht van Moedersdeel het vertel dat hy 'n merkwaardige 128mm reën oor die twee dae ontvang het.

Inwoners van Denysville verduidelik dat dit duidelik sigbaar is hoe die watervlakke van die Vaaldam begin styg het. Hierdie welkome reëns bied groot verligting vir die gemeenskap en boere wat staatmaak op voldoende waterbronne vir hul landbouaktiwiteite.

# Local is lekker



Op 14 Februarie het die Heibron Fynproewer gilde 2025 afgeskop by die boeresaal met 'n heerlike kuier-aand waar spitbraai op die spyskaart was.


Welbekende Johan van Rooy en sy span het hul gewilde skaaprolle op die spit voorberei. Die voorgereg was pikante lewertjies in netvet bedien met 'n tzatziki sous.

Saam met die spit is aartappeltjies, uitjies, wortel en mushrooms gebraai. Gestolde wortel- en komkommerslaai én tamatieslaai is bedien.

'n Broodrolletjie met tuisgemaakte konfyt het ook deel van die bord gevul. Vir nagereg is roomys met 'n besonderse sjokoladesous voorgesit.

Die volgende byeenkoms sal in Meimaand plaasvind.

# Gemeenskap neem afkeid van Edwin Claassen



Dit is met groot hartseer dat die gemeenskap afskeid van mnr. Edwin Claassen, 'n baanbreker in die Suid-Afrikaanse vleisbedryf en 'n geliefde leier van die Midland Group of Companies. Sy reis het meer as 50 jaar gelede begin toe hy, na waardevolle ondervinding op sy pa Lewies Claassen se veeplaas, twee slaghuise aangeskaf het. Hierdie stap het die grondslag gelê vir wat later die Midland Group sou word. In 1980 het hy die Wolwehoek Abattoir oorgeneem en sy besigheid verder uitgebrei met drie slaghuise, gevolg deur die stigting van die Midland Meat Factory in 1986 en later die Frankfort Abattoir. Sy passie vir veeboerdery het ook gelei tot die oprigting van drie beestelersgroepe, wat steeds deel is van die EAC Group. Edwin se toewyding aan uitnemendheid en sy onwrikbare werksetiek het die Midland Group laat groei tot 'n onderneming met meer as 1 100 werknemers. Sy leierskap het nie net die vleisbedryf verryk nie, maar ook die gemeenskappe waarin hy bedrywig was. Sy nalatenskap leef voort, en ons dink met waardering aan sy bydraes. Mag sy familie en vriende vertroosting vind in die herinneringe aan sy buitengewone lewe.

# Infrastructural Woes:

## *Rain Exposes Municipal Failures*



Persistent rain continues to expose the glaring inadequacies within our Municipality's infrastructure. As showers persist, the quality of our roads and drainage systems continues to degrade, causing significant inconvenience to both commuters and schoolgoers.

In multiple areas of our community, such as TNS—particularly near Serobe's residence and close to Mafisa's Tavern—residents are facing difficulties as they navigate submerged roads. The absence of effective drainage solutions has led to severe waterlogging. Consequently, key thoroughfares have become inaccessible, forcing pedestrians, including schoolchildren, to traverse water-filled streets.

This lack of proper stormwater management transcends mere inconvenience and escalates to a serious safety concern. Flooded roads not only damage vehicles but also elevate the risk of accidents and interrupt daily life. For students who depend on these routes to reach their schools, the perpetual neglect of infrastructure poses a significant obstacle to their education. It is alarming that the same problems resurface annually without any substantial response from municipal authorities.

It is imperative that our Municipality takes immediate action to prioritize critical infrastructure upgrades. The community cannot afford another rainy season plagued by flooded streets and blocked roads. Prompt measures must be taken to enhance drainage systems, repair damaged roads, and devise long-term strategies to prevent future water accumulation.

Our residents deserve a better living environment. Our learners deserve safe and accessible routes to their schools. It is time for the Municipality to acknowledge its responsibility and dedicate itself to creating lasting change—before the next downpour transforms our roads into rivers once more.







# Hoërskool Wilgerivier blink uit in 2024 Matriekuitslae



Hoërskool Wilgerivier het weereens sy reputasie as een van die voorste skole in die Fezile Dabi-distrik bevestig deur onder die top drie skole te eindig. Van die 68 skole in die distrik, wat onder andere Sasolburg, Kroonstad en Parys insluit, het Wilgerivier uitgestaan met sy uitstekende akademiese prestasies.

Die skool is een van slegs nege "Platinum-skole" in die distrik, met 'n 100% slaagsyfer.

Verder het 'n indrukwekkende 87,3% van die matrikulante toelating tot graadstudie verwerf, wat die hoë akademiese standaarde van die skool onderstreep.

Verskeie vakonderwysers van Hoërskool Wilgerivier het ook besonder goed presteer en erkenning ontvang vir hul uitmuntende werk:

Juf. Lorette Muller - 2de plek in Afrikaans Huistaal

Juf. Monica van Heerden - 2de plek in Engels Eerste Addisionele Taal

Juf. Liesl van Coller - 3de plek in Verbruikerstudies

Hoërskool Wilgerivier is besonder trots op sy leerders wat onder die top akademiese presteerders van die distrik gereken word. Drie leerders het onder die Top 20 in die distrik geëindig:

- Skyla Budishack
- Hester Muller
- Angelique Schabort

Verder het Karla van der Merwe die skool se naam hoog gehou deur onder die Top 40 leerders te eindig.

Die skool se uitsonderlike prestasie in 2024 is 'n bewys van toegewyde onderwysers, hardwerkende leerders en 'n ondersteunende gemeenskap. Hoërskool Wilgerivier is trots op sy leerders en personeel en sien met opgewondenheid uit na 'n blink akademiese toekoms.

# Wenreeks hou hulle in die top-3

Heilbron se krieketspan het hul oorheersing in die liga voortgesit deur drie agtereenvolgende oorwinnings te behaal en hul posisie in die top drie van die punteleer te behou. In hul mees onlangse oorwinning het hulle Route 66 Eagles met 67 lopies geklop, grootliks te danke aan 'n briljante vertoning deur Peet Saaiman.

Saaiman het 'n onoorwonne 62 lopies van slegs 39 balle aangeteken en ook met die bal uitgeblink deur 2 paaltjies vir net 8 lopies te neem, insluitend 'n vangskoot. Sy uitstekende spel het hom die titel van speler van die wedstryd besorg.

Armand Smit het 'n deurslaggewende rol gespeel deur 4 paaltjies vir 29 lopies in 7 beurte te neem, wat Route 66 op die agtervoet geplaas het. KB Molefe het ook 'n indrukwekkende bydrae gelewer deur 3 paaltjies vir 18 lopies te laat kantel. Die span se veldwerk was op sy beste, met twee puik vangskotte deur Irfan Arshad en Theuns Botha wat verdere druk op Route 66 geplaas het.

Met hierdie oorwinning toon Heilbron se span hul veerkragtigheid en mededingendheid in die liga. Hulle sal die naweek teen Vanderbijlpark te staan kom op die Cecil Oldridge-veld en hoop om hul wenreeks voort te sit.



*Op die foto links: Peet Saaiman en Danie Rietchard.*

# Vier Valentysdag met styl

Hoërskool Heilbron het verlede week Valentynsdag op 'n onvergeetlike manier gevier. Die skool het gesorg dat beide die primêre en sekondêre leerders die geleentheid gehad het om liefde en vriendskap in 'n feestelike atmosfeer te vier.

Die week se vieringe het afgeskop met 'n opwindende sokkie vir die primêre leerlinge. Die jong leerders het die dansvloer behoorlik laat skud en die energie was aansteeklik! Met vrolike musiek, lag en geselskap het die kinders hulself terdeë geniet.

Vrydag was dit die sekondêre leerders se beurt om hul elegante kante te wys by die gesogte Valentynsbal. Die saal was pragtig versier met rooi en wit dekor, wat die romantiese stemming perfek gekomplementeer het. Die leerders het asemrowend gelyk in hul mooiste aanddrag, en die aand was gevul met stylvolle danspassies en glimlagte.








**Vakante Betrekking**
**Assistent**

Opsoek na `n persoon wat eiwerig is om te leer en hardwerkend is

CV's kan per e-pos gestuur word: adriaan@gigtechnologies.co.za of afgelewer word: 42 Kerk Straat, Heilbron
Navrae: 072 840 4495
GiG Technologies



***Tenders are hereby requested for the sale of low-grade Whey, Skim Milk powder and Surromel packed in 25kg bags, subject to the following conditions:***

1. The tender period will extend from 1 March 2025 to 1 March 2026.
2. The tenders must be expressed in rand and cents per bag. No tender will be accepted if it does not specifically contain a rand and cent amount.
3. Product will be sold as Waste Powder to the successful tenderer.
4. Product may not be used for human consumption. Clover reserves the right to summarily stop delivery if it is determined that the product is used for human consumption.
5. Product must be collected by the successful tenderer himself from Clover's Heilbron factory.
6. Tenders close on 17 March 2025 at 16:00.
7. The highest tender or any tender will not necessarily be accepted.
8. The agreement that will be concluded with the successful tenderer is available for inspection at Clover Heilbron.
9. Tenders can be mailed or addressed in a sealed envelope marked "Tender Undergrade Powder" to: **paul.bester@clover.co.za**
   **The Manager, Clover**
   **PO Box 79, Heilbron, 9650**

Clover



- COC'S/ELECTICAL CERTIFICATE OF COMPLIANCE
- WIRING & RE-WIRING
- OFF-GRID SOLAR INSTALLATIONS
- INDOOR/OUTDOOR LIGHTING

ULECTRIC
SOLAR AND ELECTRICAL

- ELECTICAL REPAIRS
- FAULT FINDING
- EQUIPTMENT REPAIR
- SOLAR BOREHOLE PUMPS
- BACKUP SYSTEMS

Jannie 072 279 9299 WE DO COMMERCIAL AND RESIDENTIAL Ulectric 084 499 9937

# KENNISGEWINGS

## NOTICE OF SALE OF PROPERTY

Notice is hereby given in terms of Section 34(1) of the Insolvency Act, No 24 of 1936, as amended, that the **JD CILLIERS FAMLIE TRUST, IT1207/2017(T),** intends selling the following property namely THE FARM HELENA A 1385, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE OF THE FREE STATE, after the lapse of a period of 30 (thirty) days after the last publication of this advertisement, to KARAN BEEF FARMING PROPRIETARY LIMITED, REG NO. 2022/820308/07 who will, after the arrival of the Effective Date, be the new owner of the property namely The farm Helena A 1385, District Heilbron, Province of the Free State including all buildings and improvements of a permanent nature erected thereon as well as all fixtures and fittings forming part of such buildings.

**KLAGSBRUN EDELSTEIN**
**BOSMAN DU PLESSIS INC,**
**220 LANGE STREET, NIEUW MUCKLENEUK,**
**PRETORIA (012-452-8900)**

## NOTICE OF SALE OF PROPERTY

Notice is hereby given in terms of Section 34(1) of the Insolvency Act, No 24 of 1936, as amended, that the **JD CILLIERS FAMLIE TRUST, IT1207/2017(T),** intends selling the following property namely REMAINING EXTENT OF PORTION 19 OF THE FARM VAALDAM SETTLEMENT 1777, DISTRICT HEILBRON PROVINCE OF THE FREE STATE, after the lapse of a period of 30 (thirty) days after the last publication of this advertisement, to KARAN BEEF FARMING PROPRIETARY LIMITED, REG NO. 2022/820308/07 who will, after the arrival of the Effective Date, be the new owner of the property namely Remaining Extent of Portion 19 of the Farm Vaaldam Settlement 1777, District Heilbron Province of the Free State including all buildings and improvements of a permanent nature erected thereon as well as all fixtures and fittings forming part of such buildings.

**KLAGSBRUN EDELSTEIN**
**BOSMAN DU PLESSIS INC,**
**220 LANGE STREET, NIEUW MUCKLENEUK,**
**PRETORIA (012-452-8900)**

## NOTICE OF SALE OF PROPERTY

Notice is hereby given in terms of Section 34(1) of the Insolvency Act, No 24 of 1936, as amended, that the **JD CILLIERS FAMLIE TRUST, IT1207/2017(T),** intends selling the following property namely REMAINING EXTENT OF PORTION 21 OF THE FARM VAALDAM SETTLEMENT 1777, DISTRICT HEILBRON PROVINCE OF THE FREE STATE, after the lapse of a period of 30 (thirty) days after the last publication of this advertisement, to KARAN BEEF FARMING PROPRIETARY LIMITED, REG NO. 2022/820308/07 who will, after the arrival of the Effective Date, be the new owner of the property namely Remaining Extent of Portion 21 Of the Farm Vaaldam Settlement 1777, District Heilbron Province of the Free State including all buildings and improvements of a permanent nature erected thereon as well as all fixtures and fittings forming part of such buildings.

**KLAGSBRUN EDELSTEIN**
**BOSMAN DU PLESSIS INC,**
**220 LANGE STREET, NIEUW MUCKLENEUK,**
**PRETORIA (012-452-8900)**

## NOTICE OF SALE OF PROPERTY

Notice is hereby given in terms of Section 34(1) of the Insolvency Act, No 24 of 1936, as amended, that the **JD CILLIERS FAMLIE TRUST, IT1207/2017(T),** intends selling the following property namely REMAINDER OF THE FARM RIETFONTEIN 159, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE OF THE FREE STATE, after the lapse of a period of 30 (thirty) days after the last publication of this advertisement, to KARAN BEEF FARMING PROPRIETARY LIMITED, REG NO. 2022/820308/07 who will, after the arrival of the Effective Date, be the new owner of the property namely Remainder of the Farm Rietfontein 159, District Heilbron, Province of the Free State including all buildings and improvements of a permanent nature erected thereon as well as all fixtures and fittings forming part of such buildings.

**KLAGSBRUN EDELSTEIN**
**BOSMAN DU PLESSIS INC,**
**220 LANGE STREET, NIEUW MUCKLENEUK,**
**PRETORIA (012-452-8900)**


**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE JACOBA PHEIFFER,**
**Identiteitsnommer: 310829 0032 08 3,** in lewe 'n Pensionaris woonagtig te Conventionstraat 15, Reitz, 9810, Weduwee.
**DATUM VAN AFSTERWE: 25 FEBRUARIE 2022**
**BOEDELNOMMER: 003685/2022**
KENNIS GESKIED HIERMEE dat die Supplimentêre Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, BLOEMFONTEIN, en die Landdros te REITZ vir 'n periode van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6,**
**REITZ, 9810**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Certificate of Registered Sectional Title **ST9580/2015**
passed by
**SALAMAX 923 PROPRIETARY LIMITED**
**REGISTRATION NUMBER 2005/040963/07**
in favour of
**SALAMAX 923 PROPRIETARY LIMITED**
**REGISTRATION NUMBER 2005/040963/07**
in respect of certain
A Unit consisting of
(a) Section No. 38 as shown and more fully described on Sectional Plan No SS 108/2015 in the scheme known as FEATHERSTONE ESTATE in respect of the land and building or buildings situated at Portions 381, 382, 383, 384, 385, 386, 387, 388, 389, 390 OF THE FARM VAALDAM SETTLEMENT NO 1777, DISTRICT OF HEILBRON PROVINCE FREE STATE, of which section the floor area, according to the said sectional plan is 283 (Two Hundred and Eighty Three) square metres in extent and
(b) An undivided share in the common property in the scheme apportioned to the said section in accordance with the participation quota as endorsed on the said sectional plan.
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at this day of
**APPLICANT: WEBBERS ATTORNEYS**
**ADDRESS: WEBBERS BUILDING,**
**96 CHARLES STREET, BLOEMFONTEIN**
**E-MAIL ADDRESS: fjv@webberslaw.com**
**CONTACT NUMBER: 051 430 1340**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Certificate of Real Right: Exclusive Use Areas **SK568/2015**
passed by
**SALAMAX 923 PROPRIETARY LIMITED**
**REGISTRATION NUMBER 2005/040963/07** in favour of
**SALAMAX 923 PROPRIETARY LIMITED**
**REGISTRATION NUMBER 2005/040963/07**
in respect of certain
1. An Exclusive Use Area described as YARD W38 measuring 1,0171 (One comma Zero One Seven One) Hectares, being as such part of the common property, comprising the land and the scheme known as FEATHERSTONE ESTATE in respect of the land and building or buildings situate at Portions 381, 382, 383, 384, 385, 386, 387, 388, 389, 390 OF THE FARM VAALDAM SETTLEMENT NO 1777, DISTRICT OF HEILBRON PROVINCE FREE STATE, as shown and more fully described on Sectional Plan No. SS 108/2015
2. An Exclusive Use Area described as DECK D14 measuring 63 (Sixty Three) square metres, being as such part of the common property, comprising the land and the scheme known as FEATHERSTONE ESTATE in respect of the land and building or buildings situate at Portions 381, 382, 383, 384, 385, 386, 387, 388, 389, 390 OF THE FARM VAALDAM SETTLEMENT NO 1777, DISTRICT OF HEILBRON PROVINCE FREE STATE, as shown and more fully described on Sectional Plan No. SS 108/2015
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at this day of
**APPLICANT: WEBBERS ATTORNEYS**
**ADDRESS: WEBBERS BUILDING,**
**96 CHARLES STREET, BLOEMFONTEIN**
**E-MAIL ADDRESS: fjv@webberslaw.com**
**CONTACT NUMBER: 051 430 1340**






# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com








# SMALLS


**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***




HERALD Sport




# Loots kombinasie is wenners



*Die mans en dames wat deelgeneem het aan verlede Saterdag se Adam en Eva kompetisie: Marilize en Willem Loots, Willie en Loraine Pretorius, Jolene en Kobus Erasmus en Ruan en Jolandri Mienie.*

Saterdag kon die dames en here saam hulle frustrasies op die gholfballetjies uithaal tydens die Adam en Eva gholfdag op Heilbron. Die dames se entoesiasme was aansteeklik en almal het dit geniet.

Willem en Marilize Loots was die akkuraatste en wen die kompetisie met 31 punte. Die baan is tans in uitstekende toestand en spelers word aangemoedig om te kom speel.

Die inskrywings vir vanjaar se putjie spel is oop en gaan daar soos in die verlede in enkel en dubbel kompetisies gespeel word. Die Vrydagaand Joker trekking is reeds aan die gang. Môre sal daar gewone spel wees. Inskrywings vanaf 11:00 vir afslaan 11:30.

# Heilbron Rolbalklub se Valsrivier Gemengde pare kampioene

Heilbron Rolbalklub het gewys waarom hulle as een van die top klubs in die streek beskou word deur skoonskip te maak tydens die onlangse Valsrivier Gemengde Pare Kampioenskappe. Met vier Heilbron spanne tussen die 16 was die kompetisie taai, twee spane het uitgestaan en hul staal gewys. Die span van RJ Muller en Hannalie Claassen, wat vanjaar vir die eerste keer aan die kampioenskappe deelgeneem het, het deurgedruk en die finaal met 'n baie goeie vertoning gewen.

Rolbalbloed loop dik in die are van die Mullers, aangesien drie van hul familielede in die finaal meegeding het. Die span van Edward en Sonja Muller ouers van RJ Muller, het ook hul opponente met groot oortuiging afgelê. Albei pare het getoon dat hul harde werk en toewyding vrugte afwerp. Met sulke passie en talent is dit duidelik dat Heilbron Rolbalklub nie net 'n span is nie, maar 'n ware krag in die rolbalwêreld.



*Hannalie Claassen en RJ Muller.*



*Edward en Sonja Muller.*

RIEMLAND JAGTERSVERENIGING
2025 JAARPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 15 MAART, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 12 APRIL, | 09:00 | RIEMLAND OPE PRYSSKIET/SPANSKIET |
| 17 MEI, | 09:00 | CHASA KWALIFISERING/VERBETERING |
| 31 MEI, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 5 JULIE, | 09:00 | LANGAFSTANDSKIET |
| 16 AUGUSTUS, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 13 SEPTEMBER, | 09:00 | JEUGSKIETDAG |
| 4 OKTOBER, | 09:00 | GROEPERING SKIET/ TROFEE MEET |
| 7 NOVEMBER, | 18:30 | JAARVERGADERING: RIEMLAND TAK |

Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter): 082 775 19 22




BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 24 FEBRUARIE 2025**

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 25 FEBRUARIE 2025**

DUNDEE: BAUMEISTER BRANGUS
11:00, Dundee veilingskrale
Kontak Andrew Banks 083 267 5940

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

FRANKFORT: DANIE MULLER & SEUNS
Uitverkoping van Bonsmara/Bovelder tipe beeskudde
11:00, plaas Sweethome
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

**WOENSDAG - 26 FEBRUARIE 2025**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

BETHAL: VIERFONTEIN BOERDERY
Bovelder & Bonsmara tipe beeste
11:00, plaas Rensburghoop
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

KOPPIES: DAWIE STEENKAMP
Bonsmara beeste
11:00, plaas Leeuklip
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**DONDERDAG - 27 FEBRUARIE 2025**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**VRYDAG - 28 FEBRUARIE 2025**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**SATERDAG - 1 MAART 2025**

EDENVILLE: ANMATTH DORMERS
Produksieveiling
11:00, plaas Gelukspruit
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za